

Skriflesing: 1 Pet 1: 1-9

Tema: God is die bron van ons hoop

Die brief van 1 Petrus is in ongeveer 65 na Christus geskryf. Dit is geskryf aan gelowiges wat versprei gewoon het in die noordelike streke van Klein-Asië, waar Turkye vandag is.

Waarskynlik het die aktiewe vervolging van Christene nog nie teen dié tyd begin nie. Dit sou eers nader aan die einde van die eerste eeu losbreek. Wat die Christene in die tyd ervaar het, was erge diskriminasie en die druk van die heidense gemeenskappe waarin hul leef.

Onthou dat die evangelie in die meeste gevalle heel eerste deur slawe aangeneem is. Slawe het aan hulle eenaars behoort. Hulle was blootgestel aan die magsmisbruik van hulle eenaars. Hulle is gespot en mishandel omdat hulle anders as die ander (én hulle eenaars) geglo het.

In die eerste vers word Christene vreemdelinge genoem. In 1 Pet 2:11 lees ons van Christene as vreemdelinge en bywoners.

- Polities het hulle in 'n vreemde land gebly. Hulle was tweedeklas burgers wat geen regte gehad het nie.
- Godsdienstig was hulle ook burgers van 'n ander blyplek. Hulle was burgers van die hemel. Hulle was mense wat weens hulle bekering anders glo as die mense in hulle omgewing. Daarom is hulle sleg behandel. Hulle het onverdiende lyding verduur. Hulle is verdag gemaak en het swaargekry.

Hulle omstandighede was so moeilik dat hulle gedreig het om tou op te gooi. Hulle sien nie langer kans vir die prys van hulle vreemdelingskap nie. Hulle is hooploos en sonder 'n toekoms. So ervaar ons as kinders van die Here vandag steeds dat ons vreemdelinge en bywoners is. Ons waardes, norme en lewenswyse is anders as die van die wêreld. Ons vergeld haat met liefde en draai die ander wang. Daarom word ons gespot. Ons word as swakkeling beskou. Ons toegewyde lewens gee die wêreld aanstoot, want ons leef anders. Ons maak onself nie skuldig aan bedrog, losbandigheid of drank- of taalmisbruik nie. Daarom word ons verdag gemaak en as skynheiliges gebrandmerk. Die manier waarop die wêreld ons hanteer steel ons hoop en laat ons twyfel of óns nie dalk verkeerd is nie.

Maar hou moed, in hierdie wêreld is God in aksie. Hy is die bron van hoop. Van Hom kry ons alles wat nodig is om te bly hoop.

- God kies ons.
- God sonder ons af om aan Hom gehoorsaam te wees.
- God skenk ons nuwe lewe.
- God skenk ons die ewige lewe.

Die mense aan wie Petrus skryf, het tweedeklas vreemdelingstatus gehad. God gee hulle 'n nuwe status, 'n erestatus. Twee maal lees ons in die eerste twee verse dat God hulle kies.

Hy maak hulle sy Koningskinders. Al het hulle alles wat op aarde belangrik is verloor, in Hom het hulle alles wat hulle nodig het.

So kies God steeds ook vir ons. Hý sonder ons af om aan Hom gehoorsaam te wees. Hý red ons deur die bloed van Jesus Christus. Hý laat ons weer, 'n tweede maal gebore word. Deur die Gees maak Hy ons sy Koningskinders.

Wanneer is ons gered? As kinders van die Here is ons 20 eeue voor ons geboorte gered toe Jesus in ons plek gesterf en opgestaan het. Ons moet hierdie redding in geloof ons eie maak.

God red ons en skenk ons die nuwe lewe deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Ons lees hiervan in 1 Pet 1:8-9: "8-9 Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap."

En God skenk vir ons die ewige lewe. Ons het 'n lewende hoop op 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat vir ons in die hemel bewaar word. Daar sal geen pyn, onreg, hartseer, siekte, dood of smart meer wees nie. Calvin sê dat hierdie erfenis vir ons: "in die hemel bewaar word sodat ons kan weet dat dit buite gevaar is."

God gee ons alles wat nodig is om weer te hoop. Geloof is die hande waarmee ons dit wat God vir ons wil gee, vat.

God het ons gekies. Geloof is om te antwoord. Dit is om vorentoe te tree en vir die Here te sê dat ek in Sy wenspan wil wees.

Geloof is om sy geskenk van nuwe lewe te aanvaar en te gaan leef met sy onuitspreeklike en heerlike blydschap.

Die feit dat God ons gekies het, beteken egter nie dat daar geen teëspoed in lewens sal wees nie. 'n Christen teen wie hier gediskrimineer word en 'n gemeente wat verdag gemaak word, se lewe is nie maklik nie.

Daar gaan in ons lewens dinge gebeur wat nie vir ons lekker is nie. Ons moet nie toelaat dat dié dinge ons van stryk bring nie. God is hierin met ons besig. Deur hierdie dinge word ons geloof getoets en gesuiwer.

Ons lees daarvan in 1 Pet 1:6-7: "6 Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings 7 sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus."

Iemand skryf: "Om geloofsuiwerheid te ontwikkel, laat God 'n mens so nou en dan deur die vuur gaan."

Te midde van dit alles, het ons 'n lewende hoop in die Here. Ons burgerskap lê op 'n ander plek as hierdie stukkende seer wêreld. Hier is ek 'n vreemdeling en bywoner. Maar ek is oppad deur hierdie wêreld. My erfenis is gewaarborg.

Anders as 'n aardse ouer wat eers moet sterf voordat sy kinders erf, het ons hemelse Vader sy Seun in ons plek laat sterf. Hy het opgestaan sodat ons geen onsekerheid oor ons erfenis het nie.

Ons lees in 1 Pet 1:5 dat God nie net hierdie erfenis vir my bewaar nie, God bewaar ook vir my om Sy ewige lewe te erf. God bewaar beide erfporse en erfgenaam. Daarom laat ons ons nie van stryk bring deur moeilike mense en omstandighede nie. Ons leef vandag in die beskerming van ons Almagtige God en ons weet waarheen Hy met ons oppad is.

Afsluiting

Maak nie saak wat jou omstandighede is nie: God is die bron van lewende hoop. Hy is nie maar 'n poeletjie wat na 'n reën bui verskyn en as die son weer warm skyn, verdwyn nie. Hy is die oorsprong van hoop.

Jesus Christus se kruis en Sy opstanding sluit vir ons die toekoms oop. In Hom het ons 'n onverganklike, onbesmette, onverwelklike erfenis.

Net een vraag bly oor: Hét jy al God se geskenke jou eie gemaak? Het jy Sy lewende hoop in geloof gevat?

Amen.

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Geloof is die hande waarmee ons dit wat God vir ons wil gee, vat. Hy is nie maar 'n poeletjie wat na 'n reën bui verskyn en as die son weer warm skyn, verdwyn nie. Hy is die oorsprong van hoop. : Hét jy al God se geskenke jou eie gemaak? Het jy Sy lewende hoop in geloof gevat? [God is die bron van ons hoop.](#)